

PSALM 23

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

TEMA: Die Here Is My Herder

SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: PSALM 23

Psalm 23:1 'n PSALM van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.
Psalm 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Psalm 23:3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.
Psalm 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.
Psalm 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.
Psalm 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

Ek wil julle vanmôre baie ryklik seën in die Naam van ons Here Jesus Christus. Ek glo en vertrou dit gaan vanmôre goed met almal en dat die Here se genade, Sy vrede en Sy beskerming met julle is.

Graag wil ek met julle deel, sekerlik die bekendste gedeelte in die hele Bybel, wat ons alreeds so dikwels uit ons hoof geleer het, naamlik Psalm 23.

Wat is Psalm 23 regtig? Hoekom het Dawid hierdie Psalm geskryf?

Dit neem ons heeltemal terug na wat ons ook in die kursus behandel het – die pad wat God geloop het as die God van Abraham, Isak en Jakob, met wie die verbond eerste aangegaan is.

Skrifverwysings: Génesis 12:1–3; Génesis 17:1–8; Psalm 23:1–6.

Génesis 12:1 En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys.

Gen 12:2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees.

Gen 12:3 En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

Génesis 17:1 Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.

Gen 17:2 En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder.

Gen 17:3 Toe val Abram op sy aangesig, en God het met hom gespreek en gesê:

Gen 17:4 Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word.

Gen 17:5 Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies.

Gen 17:6 En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

Gen 17:7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

Gen 17:8 En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees.

-o0o-

Die Pad na Dawid

God het met Abraham, Isak en Jakob 'n verbond aangegaan. Toe die drie-dubbele tou gevorm/ gebind is, kon God uit Jakob, Israel verwek en daaruit het Hy Sy twaalf stamme voortgebring.

- Ruben was die eerste een wat gekies was, want hy was die eersgeborene. Hy het egter gesondig deurdat hy sy pa se bed beklim het, en God het oorgeskakel na Josef.
- Josef word volgens God die eersgeborene. Daarom sê die Bybel dat Ruben die mens se eersgeborene was, maar wel Josef, God se eersgeborene.
- Uit Josef het Hy Efraim verkies. Efraim het ongelukkig die Here teleurgestel. Hulle het nie hulle plek in die oorlog ingeneem nie; hulle het gevlug. Alhoewel hulle gewapende boogskutters was, het hulle nie hul roeping vervul nie. Omrede hulle nie hulle roeping vervul het nie, het God die verbond van hulle af weggevat – met ander woorde, die toekoms, die rede, weggevat.
- En die rede is, die saad van die vrou moes uit daardie bloedlyn kom. Christus, die Liefdeskind, moes gebore word.
- Die Bybel sê vir ons in die Psalms dat God Juda gekies het. Uit Juda het Hy toe Dawid gekies.
- Dawid het die aanbod van God gekry om Sy bruid te wees, om die bloedlyn te word wat die Messias sou voortbring.

Skrifverwysings: Psalm 78:67–72; Genesis 49:8–10; 2 Samuel 7:12–16.

Psalm 78:67 En Hy het die tent van Josef verwerp, en die stam van Efraim het Hy nie uitverkies nie, Psalm 78:68 maar die stam van Juda uitverkies, die berg Sion wat Hy liefhet.

Psalm 78:69 En Hy het sy heiligdom soos hemelhoogtes gebou, soos die aarde wat Hy vir ewig gegrondves het.

Psalm 78:70 En Hy het sy kneg Dawid uitverkies en hom van die skaapkrale af geneem.

Psalm 78:71 Agter die lammerooie het Hy hom gaan weghaal, om Jakob, sy volk, op te pas en Israel, sy erfdeel.

Psalm 78:72 En hy het hulle opgepas na die opregtheid van sy hart en hulle gelei met die verstandige oorleg van sy hande.

Génesis 49:8 Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig.

Gen 49:9 Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?

Gen 49:10 Die septer sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees.

2 Samuel 7:12 As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.

2 Sam 7:13 Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid.

2 Sam 7:14 Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders.

2 Sam 7:15 Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het.

2 Sam 7:16 En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.

Die liefdesaanbod van die Bruidegom

Isaiah 60:1 Arise, shine; for thy light is come, and the glory of the LORD is risen upon thee.

Soos ons ook in die kursus geleer het, is die uitnodiging van die Bruidegom na die bruid:

“Kohm Ohr” “Rise and shine, for your light is come.”

Dit is die liefdesaanbod wat daar gemaak word van die Bruidegom na die bruid toe. *Kom oor na My toe. Kom oor, kom oor, kom oor. Word deel van My. Word één met My. Ek is die lig van jou lewe. Ek sal jou lei op die pad van geregtigheid, Ek sal jou help en alles wat daarmee gepaard gaan.*

Die liefdesaanbod is toe aan Dawid gerig.

Psalm 23, is eintlik die antwoord wat Dawid gegee het op die uitnodiging.

En ek wil dit graag vir julle 'n bietjie meer ontleed soos die Here dit al aan my geopenbaar het, en dan sal julle regtig die diepte sien. Ek gaan hierdie Psalm stukkie vir stukkie ontleed.

Onthou nou - die liefdesaanbod word gemaak van die Bruidegom na die bruid toe:

“Rise and shine, for your light is come.” En wat alles daarby betrokke is. Maar nou antwoord Dawid die Here terug. Hy sê:

Die Here is my Herder

Dan sê hy: **“Here, U is my Herder.”**

- Ek is net 'n skapie, maar ek kyk op na U, want U is my Herder.
- U is die Een wat toesig oor my hou.
- U is die Een wat my sal help.
- Soos 'n herder sy skape oppas, so aanvaar ek U leiding oor my.
- U is my Bruidegom.



Skrifverwysings: Psalm 23:1; Johannes 10:11–14; Psalm 100:3.

Psalm 23:1 'n PSALM van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

Johannes 10:11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

Joh 10:12 Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.

Joh 10:13 En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.

Joh 10:14 Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.

Psalm 100:3 Erken dat die HERE God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide.

Niks sal my ontbreek nie

Omdat Hy my Herder is, **sal ek aan niks ontbreek nie.**

En daar het hy die gedeelte van die Vader in die huwelik ingeroep:

- U sal aan my voorsien. U sal vir my 'n goeie tuiste skep. U sal vir my sorg elke dag van my lewe. U sal nie vir my gee wat ek nie wil hê nie.
- Ek sal aan niks ontbreek wat ek nodig het nie – nie wat ek wil hê nie.

Hier is 'n groot verskil.

Ek sê nie Ja, omdat ek die koskaste en die spens en die beursie wil leegmaak nie. Nee !

Ek sê JA, omdat ek weet dat U aan my sal voorsien, alles wat ek nodig het.

- U sal my nooit laat bedel nie.
- U sal my nooit laat swaarkry nie.
- Ek sal nie deur al hierdie dinge hoef te gaan sonder U wil nie.

Skrifverwysings: Psalm 23:1; Mattheüs 6:31–33; Filippense 4:19.

Psalm 23:1 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

Mattheüs 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?

Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Mat 6:31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?

Mat 6:32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie

-oOo-

dinge nodig het.

Mat 6:33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Filippense 4:19 En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Hy laat my neer lê in groen weivelde

Wanneer gaan 'n skapie lê?

In die eerste plek sê hy nie: Here, U gaan my in droë lande laat lewe waar die gras opgevreet is nie, en stof en as nie. **Here, U gaan my lei na groen weivelde toe.**

- Grasgroen weivelde waar ek versadig kan word in al die goedheid van God.
- Ek sal versadig word, so versadig word dat ... ek sal gaan lê.
- Ek hoef nie agter elke groen grasie aan te hardloop nie. Maar hier sê hy: *U sal vir my so oorvloedig gee dat ek nie sal hoef rond te hardloop nie.*

Skrifverwysings: Psalm 23:2; Johannes 10:9–10; Psalm 34:9–11.

Psalm 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde;

Johannes 10:9 Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, en hy sal ingaan en uitgaan en weiding vind.

Joh 10:10 Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Psalm 34:39 Tet. Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!

Psa 34:10 Jod. Vrees die HERE, o sy heiliges, want die wat Hom vrees, het geen gebrek nie

Psa 34:11 Kaf. Die jong leeus ly armoede en het honger; maar die wat die HERE soek, het geen gebrek aan enigiets nie.

Na waters waar rus is, lei Hy my heen

Here, ek sal kom by hierdie waters en ek sal met rustigheid drink.

- Daar sal geen wolwe wees nie. Daar sal geen jakkalse wees nie.
- Daar sal geen probleme wees nie.
- Daar sal geen obstrukties wees nie.
- Here, ek kan in die rustigheid van die Here vertoef.
- Ek kan in die vrede van die Here lewe.

Hy verkwik my siel

- Here, U verkwik my siel, omdat U my Herder is.
- Here, U maak my so bly. U maak my gelukkig.
- Ek het vrede. Ek het rustigheid. Here, ek hoef niks meer na te jaag wat die wêreld of enigiets anders vir my bied nie.
- Blydschap is in my wese ingebou. Die blydschap van die Here is my beskutting.
- Here ek verheug my in U, ek verkwik my in U.
- My siel jubbel en juig in U, omdat ek U so bitterlik lief het en U my lief het, want U is my herder.

Skrifverwysings: Psalm 23:2–3; Johannes 14:27; Filippense 4:6–7.

Psalm 23:2 Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.
Psalm 23:3 Hy verkwik my siel;

Johannes 14:27 Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie.

Fillipense 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

Fillipense 4:7 En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.

Hy lei my in die spore van geregtigheid

Here, ek hoef nooit meer bekommerd te wees oor my swakhede nie.

- Ek hoef nooit meer bekommerd te wees oor my eie tekortkominge nie.
- Ek hoef meer nooit meer na myself te kyk nie.
- Here, U is my Herder. U word my Man. U word my Bruidegom.
- Here, my Bruidegom sal altyd vir my die regte raad gee.
- Hy sal altyd vir my die wysheid gee.
- Hy sal my die rustigheid gee.
- Hy sal van my die kalmte gee.
- Al wat ek moet doen, is om net in Sy spore te volg. U sal my lei. U sal voorloop in die spore van geregtigheid. Here, ek hoef net U spore te volg, en dan sal geregtigheid my deel wees.
- Ek hoef nooit meer te vrees vir ongeregtigheid nie.

Skrifverwysings: Psalm 23:3; Spreuke 3:5–6; Psalm 119:105; Johannes 10:27.

Psalm 23:3 ... Hy lei my in die spore van geregtigheid,

Spreuke 3:5 Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie.
Spreuke 3:6 Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak.

Psalm 119:105 Noen. U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Johannes 10:27 My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.

Hoekom sal U dit doen, Here?

Om U Naam te ontwil

Want ek dra nie meer my eie naam nie.

- Ek dra nou die Naam van my Koning. Ek dra nou die Naam van my Bruidegom. Ek dra nou die Naam van my Here.
- Want ek het net een doel voor oë, en ek wil graag U naam uitlewe, U persoonlikheid.
- Here, as mense na my kyk, moet hulle Jesus in my lewe sien.
- Here, omdat U goed is, wil ek goed wees teenoor mense.
- Ek wil dink soos U. Ek wil redeneer soos U. Ek wil optree soos U.
- Here, my hele wese moet die beeld van Christus Jesus, my Bruidegom, uitdra.
- Want my hele lewe moet gaan om U Naam. Want ek het gesterf. Ek bestaan nie meer nie. Dit is nou net U Naam.
- Ek het my persoonlikheid verloon; ek dra nou die Naam van my Bruidegom.

Skrifverwysings: Psalm 23:3; 2 Korintiërs 5:15–17; Galasiërs 2:20; Kolossense 3:17.

Psalm 23:3 Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

2 Korinthiërs 5:15 omdat ons van oordeel is, dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is.

2 Kor 5:16 Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie.

2 Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

Galásiërs 2:20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.

Kolossense 3:17 En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee

Here hierdie dinge gaan kom. Die dal van doodskaduwee gaan kom.

- Want ek kan nie altyd net 'n lappop bly nie. Ek kan nie altyd net 'n babatjie wees nie, Here.
- Ek moet sterk wees. Ek moet staal in my bene kry.
- Here, ek moet weet hoe om die duiwel te kan weerstaan.
- Ek moet 'n vrou wees, Here, wat kan baar. Ek moet krag kan hê om te kan baar.
- Ek moet kan funksioneer.
- Ek moet kan sterk wees, Here. En om sterk te wees, moet ek deur die dal van doodskaduwee gaan. Here, ek moet beproewinge deurgaen – nie versoekings nie, maar beproewinge.
- En nou kan ek dit met geruste hart doen, Here.

Skrifverwysings: Psalm 23:4; Jakobus 1:2–4; Efesiërs 6:10–13.

Psalm 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee,

Jakobus 1:2 Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val,

Jakobus 1:3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

Jakobus 1:4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.

Efesiërs 6:10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte.

Efe 6:11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel.

Efe 6:12 Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. Efe 6:13 Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Ek sal geen onheil vrees nie

Want my oë is nie op die onheil nie.

- My oë is nie op die dinge daar buite nie.
- My oë is nie op die aanslae nie. My oë is op die Oorwinnaar, Here. Want U is my Herder.
- Ek hoef niks te vrees nie. Al kom hierdie dinge.
- Daar het hy baie duidelik gesê: Al val daar 'n duisend aan my, tienduisend aan my regterhand, sê hy: na my toe sal hulle nie aankom nie, want U is met my.
- En die oorwinning wat U vir my gee oor al hierdie goed, maak net van my sterker.
- Dit maak net van my 'n beter en sterker instrument in U hand. Sodat ek die Naam van my Here kan uitleef. Sodat die mense kan sien dat ek uit oorwinning uitleef

Want U is met my

Ek sal die oorwinning hê in Christus Jesus, want U is met my.

Skrifverwysings: Psalm 23:4; Psalm 91:5–7; Romeine 8:37; 1 Johannes 4:4.

Psalm 23:4, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my:

Psalm 91:5 Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie,

Psalm 91:6 vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie!

Psalm 91:7 Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand—na jou sal dit nie aankom nie.

Romeine 8:37 Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

1 Johannes 4:4 Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.

U stok en U staf, dié vertroos my

Hierdie twee gedeeltes is twee verskillende instrumente.

Met die **stok** is die skapies tereggewys: hier getik, daar getik, as hulle afdwaal. Wol is opgetrek om te kyk of daar nie siektes en bakterieë en parasiete en goeters is nie. En dan is dit ook gebruik om ongediertes weg te hou en alles wat die skape kan kwaad aandoen.



Maar die **staf** het 'n haak. Die haak is daarvoor dat wat so 'n klein bietjie afdwaal, hom saggies aan die nekkie te vat en hom terug te bring die kudde in.

- Kyk met hoeveel liefde hanteer U my, Here.
- U stok beskerm my. U stok versorg my. Die stok wys ook vir my die pad wat ek moet gaan.
- Maar die staf help my dat ek nie sal afdwaal nie.
- Dit help my dat ek nie op verkeerde paaie sal wandel nie.
- Maar is altyd daar om my te beskerm, my te help.
- Dit is as vertroosting vir my om te weet dat die stok en 'n staf in U hande wat vir my tot voordeel is.
- Here dis nie daar om my te pynig nie, om my te slaan nie.
- As U dit moet gebruik, sal U my net liggies tik met die stok of U sal my net nader trek met die staf.
- Here, dit is alles tot voordeel van my.
- En omdat U my Herder is, sal U my altyd met liefde en met sagte hande hanteer.

Skrifverwysings: Psalm 23:4; Spreuke 3:11–12; Hebreërs 12:5–11.

Psalm 23:4 Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

Spreuke 3:11 My seun, verag die tug van die HERE nie, en laat sy kastyding nie jou weersin wek nie, Spreuke 3:12 want die HERE tugtig hom wat Hy liefhet, ja, soos 'n vader die seun in wie hy behae het.

Hebreërs 12:5 En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie;

Heb 12:6 want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem.

Heb 12:7 As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?

Heb 12:8 Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.

Heb 12:9 Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie?

Heb 12:10 Want hulle het ons wel 'n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heiligheid kan deelagtig word.

Heb 12:11 Nou lyk elke tugging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.

U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders

U het vir ons in Christus Jesus 'n tafel voorberei. In die teenwoordigheid, volgens die Engelse Bybel: *"In the midst of my enemies."*

- U het hierdie tafel in volledigheid voorberei, gedek, alles wat op die tafel gesit is wat ons nodig het.
- En die vyand kan net toekyk. Hy kan nie eers na die tafel toe kom nie.
- Maar alles is tot ons voordeel, tot ons beskikking. Die vyand het geen verweer daaroor nie,
- Want alle mag en alle gesag behoort aan Christus Jesus, my Herder.
- U is daardie tafel wat voor my, voor die oë van my vyande vir my gedek is.
- My vyande mag daar kom aansit, maar ek het die volle reg. Ek het toegang tot daardie tafel van my Meester, omdat Hy my Herder is.

Skrifverwysings: Psalm 23:5; Efesiërs 1:3; Romeine 8:31–32.

Psalm 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders;

Efesiërs 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus,

Romeine 8:31 Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Rom 8:32 Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?

U maak my hoof vet met olie

Here, ek sal gedurig onder die salwing en die krag van God se Gees funksioneer, want die salwing van die Heilige Gees is altyd met my.

- Ek kan nie funksioneer sonder die Heilige Gees nie.
- Kan nie funksioneer sonder die krag van die Heilige Gees nie.
- Here, dit is die krag van die Heilige Gees wat die gawe is in my, wat my kragtig maak sodat ek kan bedien.
- Hy maak my hoof vet met olie.

Skrifverwysings: Psalm 23:5; Sagaria 4:6; Handeling 1:8; Efesiërs 5:18.

Psalm 23:5 U maak my hoof vet met olie;

Sagaria 4:6 Toe antwoord hy en sê vir my: Dit is die woord van die HERE aan Serubbábel, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die HERE van die leërskaer.

Handeling 1:8 maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

Efesiërs 5:18 Moenie dronk word van wyn nie—daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

Here, as ek na al hierdie dinge kyk – my Bruidegom, my Herder – as ek na al hierdie dinge kyk, dan voel ek:

My beker loop oor

Here, ek wil sing van die blydschap van die Here.

- Want weet ek dat U my gekies het om U liefde vir my aan te bied.
- Ek is 'n swak mens. Ek is 'n ellendige mens. Ek het niks verdien nie. Maar U kom vanmôre in U grote liefde, met genade, en U sê vanmôre vir my: "Rise and shine, for your light is come."

Here, en as ek na al hierdie dinge kyk vanmôre, dan kan ek dit net aangryp en sê: Here, die blydschap van die Here is my beskutting. Ek wil vanmôre sê: *Dankie, Here. Ek is so vol blydschap. My beker loop oor, Here.*

Skrifverwysings: Psalm 23:5; Nehemia 8:10; Jesaja 60:1; Psalm 103:1–5.

Psalm 23:5 U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

Nehemia 8:11 Verder het hy vir hulle gesê: Gaan, eet lekker spys en drink soet drank en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is heilig aan onse Here. Wees dan nie bedroef nie, want die blydschap in die HERE—dit is julle beskutting.

Jesaja 60:1 Staen op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlijkheid van die HERE gaan oor jou op.

Psalm 103:1 'n Psalm van Dawid. Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!

Psalm 103:2 Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

Psalm 103:3 Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,

Psalm 103:4 wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,

Psalm 103:5 wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend

En dan sê hy die laaste paar pragtige woorde. Omdat U my Herder is en U voorsien en U help en al hierdie dinge wat ek gesê het – daarom sê ek vanmôre vir U:

Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe

Here, al gebeur wat met my, alles gebeur met die kind van God ten goede.

- Want al hierdie dinge wat met my gebeur, moet gebeur en sal gebeur, is Here, tot voordeel van myself.
- Dit is tot die goedheid en guns van my wat my sal volg, Here.
- Dit is 'n belofte wat U maak. Dit sal my volg al die dae van my lewe.
- Ek hoef nooit bekommerd te wees nie, want die Here is my Herder.

Skrifverwysings: Psalm 23:6; Romeine 8:28; Klaagliedere 3:22–23.

Psalm 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe

Romeine 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.

Klaagliedere 3:22 Get. Dit is die goedertierenhede van die HERE dat ons nie omgekom het nie, want sy barmhartighede het geen einde nie;

-oOo-

Klaag 3:23 hulle is elke môre nuut; u trou is groot.

En ek sal in die huis van die Here bly

Here, daar waar U my gevestig het aan U sy, om deel te wees van die bruid.

- Daar waar die wond wat gestee is, op die regter sy, Here, waar die ribbebeen oorspronklik uitgekom het uit Adam, is die Woord in die tweede Adam.
- En daardie wond is daar vir my om in te beweeg.
- En dit maak vir my deel van die huis.
- Here, ek sal in daardie plek bly.
- En daardie plek sal ek vashou.
- En ek sal nie die Here begewe nie, want ek sal in die huis van die Here bly

Tot in lengte van dae

Tot in alle ewigheid. Ja, Here, ek sê: Ja, ek wil graag U bruid wees. Dit is my antwoord vir môre.

Skrifverwysings: Psalm 23:6; Efésiërs 5:25–27; Openbaring 19:7–9

Psalm 23:6 Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

Efésiërs 5:25 Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het

Efe 5:26 om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,

Efe 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.

Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.

Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die heiliges.

Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.

Mag die boodskap julle seën.

- En mag julle in die toekoms, wanneer julle Psalm 23 weer lees, dit in die regte perspektief lees.
- En mag die Here vir jou openbaar hoe lief Hy jou het en hoe graag Hy wil hê jy moet Sy bruid wees; nie net Sy kind nie, maar jy moet bruid word. Jy moet volwassenheid word.

Hoor mooi wat ek nou sê: **‘n Kind kan nie baar nie.** ‘n Kind is net daar om vreugde te verskaf in die huis. Maar jy moet opgroei. Jy moet volwasse raak. Jy moet liefde verstaan. Jou liggaam moet so as persoon ontwikkel word. Jou geestelike lewe moet so ontwikkel dat jy liefde kan verstaan; dat jy eenwording kan verstaan.

Dit is nie ‘n verkragtingssaak nie!!!!

Dit is ‘n liefdeslied. Dit is ‘n liefdes-evangelie. Dit is ‘n liefdesmelodie.

Die Woord is ‘n liefdesmelodie wat die Vader vir jou, en vir my, geskryf het.

-o0o-

Groei op in die Here Word groot.

Skrifverwysings: Efésiërs 4:13–15; Hebreërs 5:12–14; 2 Petrus 3:18.

Efésiërs 4:13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;

Efe 4:14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;

Efe 4:15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,

Hebreërs 5:12 Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie.

Heb 5:13 Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is.

Heb 5:14 Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.

2 Petrus 3:18 Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlijkheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.

Mag die Here julle baie ryklik seën.

-o0o-



A shepherd is a person who looks after sheep. They wear tough outdoor clothes like boots, coats, and hats. People also use the word "shepherd" to mean a German Shepherd dog, which has pointy ears and a black and tan coat.

A Human Shepherd

- Wears strong boots for walking on grass and dirt.
- Puts on a warm coat or jacket for cold weather.
- Uses a long wooden stick called a crook.
- Walks outside in fields and hills with animals. Wikipedia

(Wikipedia) BETEKENIS VAN GERECHTIGHEID

In die Bybel beteken Geregtigheid om reg te wees volgens God se standaarde.

- Dit gaan oor dade wat reg en onpartydig is, en dit word die sterkste gesien in wie God is en hoe belangrik menslike verhoudings vir Hom is.
- Dit sluit ook in dat God sondige mense vryspreek en regverdig verklaar deur genade.

God se Karakter en Standard

- God is volmaak en al Sy dade is reg.
- Sy geregtigheid wys wat reg of verkeerd is.
- Hy verander nooit van standpunt nie.

Verhouding met Mense

- Mense moet mekaar eerlik en regverdig behandel.
- Jy mag nie partydig wees of kant kies vir ryk of arm nie.
- Om om te gee vir mense wat swaar kry, hoort by 'n regverdige lewe.

Regverdigmaking deur Christus

- Mense kan nie ontslae raak van sonde op eie krag nie.
- God gee geregtigheid as 'n gawe aan die mens.
- Deur Jesus verklaar God 'n sondaar as vry en reg voor Hom.

-o0o-